## God van seisoene

*Deur Marizaan Brink (Studente)*

“Dis net die seisoen waarin jy nou is, Skat. Die volgende seisoen is op pad, op Sý tyd,” sê Ma tussen getuite lippe soos sy ’n soen blaas en my kamerdeur toemaak.

Ek maak my skootrekenaar oop en trek die muis se wyser tot op die *Google*-ikoon. Die wit skerm pop op. My vingers dans oor my sleutelbord terwyl ek tik; “Seasons of life”. Ek kliek op die eerste blog. Nama-sê tog net vir my hoe om hierdie hartseer te hanteer, Arhanta Yoga. Ek beweeg die wyser af en lees onder, “Personal seasons”, wat hulle by lente, somer, herfs en winter geskryf het.

My oë gly oor die kenmerke van elke seisoen, maar steek vas by winter: hartseer, gebrokenheid, alleenheid. Verder af lees ek hoe om deur hierdie seisoen te kom. Die skrywer stel voor dat ek hierdie tyd moet gebruik om voor te berei vir die volgende seisoen en dat ek raad moet vra. Is dit nie presies wat ek nou doen nie?

Ek dog ek is in my somer. Smoorverlief en 100% seker oor my toekomsplanne. In ’n gesonde, sterk (of so het ek gedink) verhouding van vier jaar, maar toe klink ’n werksgeleentheid op die seiljagte vir hom beter as ’n toekoms in Suid-Afrika saam met my. Ek kan voel hoe die trane agter my oë begin opdam. Deesdae is dit ’n daaglikse ding nadat hy met my uitgemaak het.

“Werp al julle bekommernisse op Hom” maal deur my gedagtes. Hoekom nou, so uit die bloute? Dis die versie wat Ma altyd sê, maar ek weet nie eers waar dit in die Bybel staan nie. Ek druk *Ctrl* en *T* op my sleutelbord. Nog ’n skerm pop op en ek tik die versie in op die soekbalk. 1 Petrus 5:7. Skielik kry ek die behoefte om die vers in my Bybel te gaan onderstreep. Waar is my Bybel?

Ek stoot my stoel agteruit, draai om en rol tot by my bedkassie. My laai is oorvol en deurmekaar. Ek haal my Bybel uit, onder twee volgeskryfde dagboeke en ou boekmerkies. Ek kan nie onthou wanneer laas ek hierdie boek oopgemaak het nie. ’n Traan tref die leeromslag net voordat ek tot by 1 Petrus blaai. Warmte oorval my. Ek kan die gevoel nie beskryf nie. Is dit U, Here?

Prediker 3. Prediker 3. Prediker 3. Dit herhaal in my kop. Vinnig blaai ek terug om die vers te soek. “Daar is ’n vaste tyd vir alles, elke ding onder die son het sy tyd.” My hart begin vinniger klop en my neonpen hardloop oor die bladsy soos ek die versies met kleur bedek. “’n Tyd om te huil en ’n tyd om te lag. ’n Tyd om te treur en ’n tyd om van vreugde te dans.”

Die Here werk mos maar op vreemde maniere. In seisoene. Ek was só vasgevang in hom dat ek my verhouding met Hom afgeskeep het. Maar God is geduldig en wag by die deur totdat jy dit vir Hom oopmaak, of in my geval; totdat jy jou deurmekaar laai oopmaak.

Ek glo dat my somer nog sal kom en dat ek binnekort van vreugde sal dans. Ek vertrou in die toekoms wat Hy vir my uiteengesit het. Hy is die God van seisoene, en vir nou is ek net in die winter.

[550 woorde]